

GEMEENTEBULLETIN

NG Kerk Stellenbosch Moedergemeente

Tel: 021 883 3458 | **Faks:** 021 886 4041 | **Alle ure nommer:** 074 354 0088

E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

Webblad: www.moederkerk.co.za



EPIFANIE

13 JANUARIE 2019

WELKOM IN DIE EREDIENS VANDAG!

OGGENDDIENS & AANDDIENS
JAN VAN ZYL

MOEDERKERK
09:30

TEMA: Epifanie – verras deur die alledaagse

TEKS: Luk 3:15-17, 20-21

WELKOM terug aan almal – of jy nou iewers anders gaan uitspan het en of jy heerlijk saam met vriende en familie tuis gekuier het. Mag jy verras word in die jaar om God op eenvoudige en in alledaagse dinge raak te sien.

Tussen Kersfees tot die begin van Lydenstyd vier ons die kort seisoen van Epifanie – wat gaan oor God se verskyning of openbaring in hierdie wêreld.

Ons los wonderbaarlike geboortes, en engele wat sing agter en word uitgedaag om God in die alledaagse raak te sien – water, 'n duif, stemme, deur bloot in die lug op te kyk. Om op die rant van vandag se teks te staan, is nogal 'n uitdaging.

Ek weet van baie mense vir wie God doodstil is. Hulle sukkel om Hom te hoor. Dit voel of Hy soms wegkruip. Juis daardie gevoel van “waar is God dan?” wil ons vanoggend neem na die kernwaarheid van Epifanie, en dit is die wete dat ek en jy geliefd is.

Dit is dalk die mees betekenisvolle ding om vandag te doen hier aan die begin van die jaar, om wanneer jy uitstap, jou hand in die doopwater te druk en jouself te herinner Wie s'n jy is.

INFORMELE EREDIENS
JOHAN VAN DER MERWE

HOFMEYRSAAL
09:30


TEMA: Epifanie

TEKS: Lukas 3:15-17, 20-21

Jesus word ingedompel in 'n stroom in hierdie teksgedeelte. Dis sy doop. Ons word maar almal meegesleur deur 'n stroom. Iewers ingedompel.

Tog kan ek dalk meer kies waarin ek my toon druk, as wat ek besef. Miskien kan ek my vanjaar indompel waar die hemele oopgaan, die Gees van God neerdaal en God my sy geliefde kind noem.

Miskien kan die vreugde van God oor my val en sinisme laat verdwyn soos duisternis in die lig.



**Kom geniet 'n koppie tee by die Kerkhuis
na die erediens.**

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG, 14 JANUARIE

17:00 Oggenddienswerkgroep in die Kerkhuis

WOENSDAG, 16 JANUARIE

17:30 Doopgesprek in die Kerkhuis

18:30 Midweek Madness in die Hofmeysaal

VRYDAG, 18 JANUARIE

08:15 Meditasie en Nagmaal in Moederkerk

SONDAG, 20 JANUARIE

08:30 Meditatiewe diens in die Kapel

09:30 Erediens in Moederkerk: Marié Britz

09:30 Kategese vir Peuters en Kleuters in die Kerkhuis
Gr 1-6 in die Kweekskool

09:30 Informele erediens in Hofmeysaal: Jan van Zyl

10:30 Engelstalige diens in die Khaya

11:00 Eerstejaars en ouers in die Kruiskerk

18:00 Belydenisklas in die Hofmeysaal

18:30 Kategese Gr 7-10 in die Hofmeysaal

19:00 Erediens in Moederkerk: Marié Britz

19:00 GEEN Erediens in Kruiskerk

VANUIT DIE KERKKANTOOR...

- Gaan kyk gerus na ons webblad by www.moederkerk.co.za om te sien wat alles in Moedergemeente gebeur. Die bulletin is ook reeds Vrydae daar beskikbaar, sowel as die preekbeurte, tema en teks.
- NUWE LIDMATE wat by die gemeente wil inskakel, is welkom om die kerkkantoor te kontak by 021 883 3458, of gaan na ons webwerf www.moederkerk.co.za vir meer inligting. Indien jou kontakbesonderhede verander, laat weet ons ook asb.
- CD opnames van alle eredienste word gemaak. DVD opnames kan per spesiale geleentheid bestel word. Bestel gerus 'n CD (R20) of DVD (R30) by die Kerkkantoor.



Welkom Angelique!

Wekom aan Angelique Havenga, ons nuwe koördineerder vir ons Jeugbediening. Ons het haar gevra om haarself aan ons bekend te stel:

Ek het op die Noordwes-platteland groot geword, het as koshuiskind in Pretoria skool gegaan en het later aan Stellenbosch Universiteit teologie studeer. Ek is getroud met Marnus (ook 'n dominee) en ons albei is doktorsale studente aan die Fakulteit Teologie. Die afgelope drie jaar het ons onder andere in Engeland en Duitsland gewoon en studeer, en ons sien baie uit om dit wat ons oor die waters ervaar en geleer het, hier in Suid-Afrika uit te leef. Ek is baie lief vir die buitelewe, vir musiek, vir lekker kos, om te reis en vir stories – stories in boeke, fliëks en veral die stories wat ander in hulself dra.

Ek is passievol oor die jeug – die toekoms van die kerk, ons land en die wêreld, en sien ongelooflik baie daarna uit om by die tienerbediening van Stellenbosch Moederkerk betrokke te raak. Ek is veral opgewonde om te leer, te dien en bowenal om saam met ander God Drie-enig en ons plek in Sy storie beter te leer ken.

Ons is opgewonde om Angelique by die Tiener Bediening te verwelkom. Mag jou reis hier saam met ons wonderlike ruimtes oopsluit waar jongmense kan kom drink van die lewende water.



Aanddiens Moederkerk - Eredienswerkers benodig

Indien jy beskikbaar is om tydens ons aanddienste as eredienswerker te kom help met verwelkoming en die uitdeel van die Bulletin, of as sanger of instrumentalis kontak vir Retha Heyman by 073 200 4699. Hierdie is 'n heerlike manier om betrokke te raak en ook nuwe mense te ontmoet.

KINDER- EN TIENER BEDIENING

Registrasie van ons Kinder- en Tiener Bediening vind elektronies plaas. Dit sluit in babas tot en met Graad 12's. Dit is belangrik dat ouers toesien dat alle kinders geregistreer is. Dit maak kommunikasie in verskillende fases en graadgroepe moontlik. Ons kommunikeer ook met families met kinders op 'n gereelde basis dmv 'n e-kommunikasie nuusbrieff. Belangrike inligting en toerusting aan gesinne word hierdeur gestuur.

Registrasie kan gedoen word op hierdie skakel:
<https://www.moederkerk.co.za/kategese/>



Jy kan ook hierdie QR kode gebruik:

Ouers met voorskoolse en skoolgaande kinders, neem asb 'n inligtingsblad by die deure waar die bedieninge met al die kontakbesonderhede se inligting deurgegee word.

Die Tiener UP-diens skop vanaand af. Graad 7-12's kuiers saam in Graadgroepe vanaf 18:30 waarna die Tienardiens om 19:00 begin.

SEWE WEKE MET RITMES VIR DIE LEWE

Word deel van hierdie opwindende geloofsreis in ons gemeente.

Hoe gaan ons dit doen?

- Elke week se Skrifgedeelte(s) en tema wil ons laat nadink oor 'n spesifieke geloofsritme en hoe dit ons daaglikse lewens wil vorm en beïnvloed as volgelinge van Jesus.
- Jy word aangemoedig om daagliks individueel stil te word voor God aan die hand van 'n spesifieke teksgedeelte.
- Ons kom weekliks in kleingroepe en/of as families bymekaar.
- Ons word uitgenooi om 'n bepaalde geloofsritme in te oefen.
- Op Sondag vier ons as gemeente die teksgedeelte/s en dink saam na oor die spesifieke ritme in die eredienste/kategese en waartoe ons onself kan verbind.

Belangrik vir die week:

1. Boekies as hulpmiddels word vlg Sondag by die eredienste uitgedeel. Dit sal ook op die webblad beskikbaar wees.
2. Word deel van 'n kleingroep deur vriende te kontak en vorm saam 'n groep. Of kontak Marié by marie@moederkerk.co.za en ons help jou om deel te word van 'n kleingroep.
3. Fassiliteerders/vertegenwoordigers van elke groep woon op 21 Januarie om 19:00-20:00 'n byeenkoms by in die Kerkhuis langs Moederkerk.

JONG VOLWASSENES

Jong volwassenes in ons gemeente word genooi na 'n braai en kuiergeleentheid op Vrydagaand 1 Febr om 18:30 by die Foyer van die Hofmeyersaal. Bring jou eie bottel wyn/drinkgoed saam en kom geniet 'n lekker saam kuier en ontmoet nuwe mense. Die ete kos jou R80 wat braaivleis en slaai insluit. Stuur 'n e-pos aan jv@moederkerk.co.za, sodat ons kan seker wees van die getalle of kontak Karien Joubert by 082 930 7830.

Indien jy by 'n kleingroep wil inskakel e-pos jou besonderhede na kleingroepe@moederkerk.co.za en ons help jou graag.

GEBEDSLYS VIR DIE WEEK

ONS GEMEENTE EN GEMEENSAP:

- Dank die Here vir elkeen wat veilig teruggekom het na die vakansietyd en bid vir elkeen wat 'n geliefde verloor het gedurende hierdie feestyd.
- Dank Hom vir al die amptenare van die veiligheids- en nooddienste wat gedurende die vakansietyd aan diens was en nie by hulle eie gesinne kon wees nie.
- Bid vir elke leerder en onderwyser wat laasweek 'n nuwe skooljaar begin het.
- Bid ook vir die laaste reëlings van die eerstejaarskamp wat getref word; vir hulle wat leiding sal neem en elke jongmens wat dit sal bywoon.

ONS LAND:

- Bid vir ons onderwysleiers en vir elke skoolkind in sy/haar unieke omstandighede. Mag die Here hulle krag en wysheid gee om so goed moontlik, te ontwikkel en presteer.
- Bid vir almal wat die leiding in die onderskeie regeringsfere neem en dat ons politieke partye die beste leiers vir die volgende vyf jaar op hulle lys vir die nasionale en provinsiale verkiesing sal plaas.
- Bid vir daardie streke in ons land wat steeds angstig wag vir reën vir mens, dier en oeste op die land.

ONS WÊRELD:

- Bid vir die afloop van die verkiesing in die DRK waar die verkiesing self in groot omstredenheid verloop het. Die uitslae is nog nie bekend gemaak nie as gevolg van soveel botsende belangegroepes en gebrek aan vertroue in die verkiesingskommissie. Bid dat hierdie groot (fisies), en potensieel ryk land, 'n stabiele tydperk sal binnegaan tot voordeel van al sy mense sowel as tot voordeel van die hele Suider Afrikaanse streek.


DANKFEES 2018

Ons Jaarlikse Dankoffers het vanjaar die ambisieuse teiken van 2 miljoen rand. Ons vorder, maar soos u op die termometer kan sien, is daar nog 'n hele ent om te gaan.

Ons moedig graag alle lidmate aan om op hierdie manier in die Koninkryk te belê, tot die jaarlikse dankoffers by te dra en te sien hoe die kwik styg!

1,620,622

Thermometer Chart



STELLUMTHOMBO

Stellumthombo is 'n geregistreerde NPO waaronder Straatlig, BecomingKids en Masandise funksioneer.

Gaan "like" asseblief Stellumthombo op Facebook en Twitter om op hoogte te bly van al die projekte.

straatlig Becomingkids MASANDISE STUDY AID

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes deur Snapscan gee vir die gemeente of vir ons gemeenskapsbediening by Stellumthombo.

Gebruik die korrekte kodes hier langsaa:

Moederkerk/Kruiskerk



Stellumthombo



Vanoggend se deurkollekte gaan aan BADISA.

Volgende Sondag se deurkollekte gaan aan die Bediening aan die Jode.

